ADDENDUM 1

VOORKOMENDE MAATREËLS TER ONDERSTEUNING VAN BIOSEKURITEIT

Voorkomende maatreëls word vereis om die kudde teen siektes te beskerm wat weens eksterne kontak opgedoen word. Die volgende kategorieë is van belang:

1. DIREKTE VEE-AANKOPE (en eie vee wat terugkeer)

Die volgende behoort **bevestig** te word voordat nuwe diere in die kudde ingebring word:

- hoe lank die diere by die vorige aankooppunt of plek gebly het;
- of daar enige onlangse siekte-uitbraak in die gebied was;
- of eienaarskap duidelik deur brandmerke bevestig word;
- of ‘n inentingsprogram gevolg is (dokumentêre of veterinêre bewys);
- wat is die algemene plaaslike uitwendige parasiete en die beheerprogram wat op ‘n roetine-basis gevolg word;
- is ‘n veeartsondersteunde beheerprogram teen oordraagbare siektes gevolg;
- datums en voldoende aantal toetse vir reproduksie-siektes op beide manlike en vroulike diere; en
- datums en toetse vir siektes wat van dier na mens oorgedra kan word.

Bogenoemde moet ook met die aankoper se eie veearts bevestig word.

2. AANKOPE VAN VERKOPERS OF SPEKULANTE

- Koop net in gebiede wat nie naby geskeduleerde gebiede is nie.
- Doen ‘n visuele inspeksie van die diere voor aankope vir:
  * brandmerke;
  * parasietvoorkoms;

3. VERVOER NA DIE PLAAS

- Gebruik net erkende vervoermaatskappye.
- Sorg dat die vragvoertuig skoongemaak en ontsmet is.
- Maak seker die vragvoertuig volg die kortste ononderbroke roete.
- Die vragvoertuig moet die kortste roete na die hanteerfasiliteite volg.
- Moenie toelaat dat die vragvoertuigpersoneel in aanraking kom met die plaaskudde nie.

4 AANKOMS OP DIE PLAAS

- Wanneer die vee afgelaai word moet stres tot die minimum beperk word en vee moet visueel geëvalueer word vir onnatuurlike kondisies en gedrag.
- Isoleer die diere van die plaaskudde en die fasiliteite wat gedeel word vir ten minste 21 dae (kwarantyn).
- Toets weer vir siektes waaroor daar kommer is indien nodig voordat die nuwe diere met die res van die kudde meng.
- Prosesseer nuwe aankomelinge binne 24 uur na aankoms (unieke ID skyfie, brandmerk, dip, doseer, inent).
- Doen gereelde inspeksies.

5. VOERAANKOPE

- Maak seker dat hooibale nie aangekoop word van gebiede wat aangrensend tot die geskeduleerde gebiede is nie.
- Koop net van erkende handelaars.
- Moenie voer koop wat in tweedehandse sakke verpak is nie.
- Maak seker voertrokke is skoongemaak en ontsmet, veral as dit ook gebruik word om diere na die abattoirs te vervoer.

6. BESOEKERS

- Moenie vreemdelinge of hul voertuie naby die vee toelaat nie.
- Maak seker heinings word goed onderhou. Dit moet jakkalse en vlakvarke verkieslik uithou.

7. WERKNEMERS

- Werknemers moenie toegelaat word om in die voerstore te eet nie.
- Voorsien werknemers van voldoende ablusiefasiliteite.
- Reël dat werknemers gereelde middels teen lintwurms ontvang en mediese roetine-toetse ondergaan.
- Hou rekord van alle vee op die eiendom wat aan werknemers behoort.
- Behandel werknemers se vee met aparte maar toegewyde gesondheidsprogramme.
- Maak seker werknemers verstaan waarom biosekuriteitsmaatreëls ingestel word sodat hulle sal help om daaraan te voldoen.

- ooOoo -